

# RANDOM NUUS

47



APRIL 2023  
TRIENNIAL NEWSLETTER  
[WWW.DUTOITAGRI.CO.ZA](http://WWW.DUTOITAGRI.CO.ZA)



# DEDICATION ALWAYS SHOWS

## **MISSIE**

Ons produseer, verpak, bemark en versprei kwaliteit landbouprodukte op 'n geïntegreerde, volhoubare, winsgewende, wetenskaplike en markgedrewe grondslag tot bevrediging van ons kliënte en ander belanghebbendes.

## **VISIE**

Dié voorkeurverskaffer van spesialis varsprodukte in Suid-Afrika.



## **01 FOKUS**

Willem Coetzee - Hoofuitvoerende Beamppte: Dutoit Agri

## **03 DIE KOLLIG**

Historiese Dutoit klokke

## **05 DIE ARGIEF**

Historiese Dutoit klokke

## **07 AFDELINGNUUS**

Nooitgedacht

Tandfontein

Sneeuwkop

Dutoit Groente

Tegnies

Bemarking

## **17 ONS GEMEENSKAP**

CANSA Relay

Hard-op Leesdag

Eisteddfod

Groentetuin

ECD Forum

Laerskool Gericke Graad 1

Hoerskool Charlie Hofmeyer

Aanstellings

Aftredes

# FOKUS

## WILLEM COETZEE

Ons nader die einde van ons oestyd, die bome se blare begin reeds verkleur en die eerste winterreëns sif saggies teen my ruit terwyl ek hier sit en skryf.

2023 bly 'n jaar van uitdagings soos in die Desember uitgawe bespreek en dit is veral die oesproses waar ons hierdie jaar amper daaglik per boord nuwe planne uitdink om die kwaliteit van ons beskadigde oes te optimaliseer deur dit reg te allokeer en ook steeds betyds in koelkamers te kry. Die laat hael van die Oos-Kaap het sake verder bemoeilik aangesien heelwat van die stukkende vrugte selfs nie eers na die sapfabriek gestuur kan word nie.

Ons handel tans die oes van Pink Lady en daarna Joya (Sundowner) in beide die Wes- en Oos-Kaap af. Hoewel die impak van die haelmerke uitstaan, ervaar ons ook 'n besondere goeie jaar ten opsigte van kleurontwikkeling waarvoor ons baie dankbaar is.





Aan die groentekant is ons geseën met 'n mooi oes en was die impak van hael, en selfs ook beurtkrag, basies weglaatbaar klein. Ons uitvoere is afgehandel soos beplan met volumes wat laas in die vroeë 2000's hanteer is. Die huidige tekort aan uie, in Suid-Afrika en wêreldwyd, help met ons verkope en help ook om effens meer vloeibaar te wees ten opsigte van die gelewerde kwaliteit. Die groente span het steeds sowat 30% van die oes om te verkoop en gaan spook om al ons kliënte 100% gelukkig te hou terwyl ons eerste uiesaad vir die nuwe seisoen reeds besig is om plantjies te word op Skaapkraal. Voorwaar goeie vooruitsigte.

Die patat-oes het vroeg in April afgeskop met 'n rekord op die Blesbok, maar dit bly steeds vroeë dae om nou al voorspellings te maak.

Met die vrugte-oes bykans afgehandel, dryf ons nou hard dwarsdeur ons besigheid om 1) inkomstelyne te beskerm (harde onderhandeling en keuse van regte markte en produkte op regte tye), 2) waarde te realiseer (pak teenaan die grense) en 3) kostes te spaar. Ons kan nie in tye soos hierdie 'n "business as usual"-uitkyk handhaaf nie, maar moet anders dink oor alles wat ons doen en 'n "business improvement"-filosofie volg, daagliks. Hierdie gesindheid bly ook baie belangrik tydens die begrotingstydperk wat ons nou betree.

Voorspellings en ons eie huidige ervarings dui daarop dat beurtkrag steeds vir 'n geruime tyd met ons gaan wees. Ons besigheid het daarom reeds laasjaar begin om onself hierteen te beskerm en brei hierdie program ook nou na die Weskaap plase uit om te help met ons bymekaarmaak van water vir die nuwe seisoen.

Aan die finansiële kant begin sien ons die positiewe impak van kostebesparings asook die beskerming van ons kontantvloei soos in Desember berig. Ek bly dankbaar vir elkeen se inset hier en vra vir verdere volharding hierin. Ons Groep Direksie het onlangs ook hul erkenning en dank uitgespreek teenoor almal wat elke dag opstaan met nuwe planne en saamwerk om deur hierdie stormagtige waters te kom. "Ons het goeie mense in ons besigheid en saam sal ons sterker hierdeur kom."

Terug by die reën teen my venster vang ek myself partykeer wonder hoekom ons nie maar net met 'n skoon bladsy (nuwe en mooi jaar) kon begin, maar dan bring die onlangse herinnering aan die Houtkruis tydens Paasfees my terug op my knieë en besef ek ons is nie alleen nie en het steeds te midde van moeilike tye soveel om voor dankbaar te wees.

Ek daag jou uit om hierdie volgende kwartaal met dankbaarheid en 'n positiewe gesindheid voluit te werk, te leef en dit ook saam as 'n span te geniet!

# DIE KOLLIG

## IT BINNE DIE DUTOIT MAATSKAPPY

Toe ek in 1984 by Dutoit Agri (Toe G & J Du Toit Boerdery) begin werk het, moes ek my kantoordeur vir 'n hele week toegemaak het om salarisse (toe 120 werknemers in totaal) met die hand en sakrekenaar te bereken en per tjek en bankdepositostrokies te betaal!! Wanneer ek 'n brief met 'n bal-tikmasjien getik het en 'n tikfout gemaak het, moes ek 'n wit korreksielint agter die bal hou, dieselfde foutletter tik om uit te haal en dan die regte letter tik! Regsdokumente moes ek geheel en al oortik want geen korreksielint was toelaatbaar! Van telegraafdiens en faksmasjiene wil ek nie eens oor skryf.

Vandag kyk ons met dankbaarheid terug, nie net oor hoe ons op die terrein van tegnologie kon vorder nie, maar oor wat ons IT-Span vir ons mee kan help om ons boot vinniger te maak! Om hierdie te ontdek, het ek met die Pieter Schikkerling, Hoof van ons IT-Span gesels en hy rapporteer soos volg, met erkenning aan ChatGPT.

### **"Empowering People in Agriculture Through Change Management and Adaptability"**

Technology has transformed every industry, and the agriculture sector is no exception. To stay competitive and relevant, agricultural businesses must adapt and embrace new ways of working. Change management and adaptability are crucial for agricultural businesses to thrive in this digital age.

One technology that is widely available and, in most cases, already paid for but extremely underutilized in agriculture is the Microsoft Office suite of products. Microsoft Office includes tools like Word, Excel, PowerPoint, One Drive, SharePoint, Forms, Teams, Planner, To Do, Sway, Power Automate, Power Apps and many more. These tools and their compatibility/integration capabilities with other Microsoft applications like Business Central and Power BI amongst others can help farmers and agricultural businesses streamline their operations, improve efficiency, and increase productivity and revenue.

Many agricultural businesses are not making the most of these tools due to a lack of knowledge and training. Constant training and engagement with IT can help businesses to make the most of these productivity tools continually. Engaging with the IT department is a core part of any business, not just agriculture. Investing in this area can unlock efficiencies and deliver more value.

Moreover, questioning the status quo is vital for agricultural businesses to adapt and thrive. Doing something just because that is how it has been done for the last few years is not always the best approach. To move forward, agricultural businesses must be prepared to experience pain and discomfort, which can lead to positive change and growth.

By challenging the status quo, agricultural businesses can identify new and better ways of doing things. For instance, they can look at ways to automate repetitive tasks, leverage data to make better decisions, and adopt new technologies to improve their operations. It is important to note that change can be challenging and uncomfortable. However, nothing successful ever came from staying in our comfort zone. Agricultural businesses must be willing to take risks and experiment with new ideas and technologies to move their business and the agriculture sector as a whole forward.

In conclusion, change management, adaptability, and constant training are essential for agricultural businesses to empower people through technology. By making better use of the Microsoft Office suite of products, questioning the status quo, and engaging with local IT professionals, agricultural businesses can improve their operations, increase productivity, and stay competitive in today's digital world. Engaging with the IT department is crucial to unlock efficiencies and deliver more value. If we want to move forward, we must be willing to change and adapt to new ways of working”.

Soos Pieter heeltemal tereg skryf, verandering op die tegnologiese gebied gaan uitdagend en “ongemaklik” wees, maar ons in DUTOIT het ’n verantwoordelikheid teenoor onself en die besigheid om aan te pas. Al die onsekerheid kan met die nodige opleiding, waarvoor die IT-span gereed staan, aangespreek word.

So we talk about efficiency, working smarter not harder. Using the right technology for the right tasks makes a world of difference”.



Pieter Schikkerling – Head of ICT | Judy Zeelie – IT Production Systems Administrator  
Elmo Adonis – IT Operations Manager | Sabatha Luthuli – IT Systems Analyst  
Edrich Botha – IT Production Systems Manager | Jaco Van Der Walt – IT Support Engineer  
Wilfred Robertson – IT Support Engineer

Baie dankie aan Pieter en sy span vir hulle groot bydrae om ons boot vinniger te maak! Sterkte met al julle uitdagings!!

**DALÉNE CONRADIE**  
**(MET ERKENNING AAN PIETER EN CHAT GPT)**

# DIE ARGIEF

**GYS  
DU TOIT**





Professor Tertius de Wet (Departement Statistiek & Aktuariële Wetenskap – Stellenbosch Universiteit) en Professor Jef Teugels (Katolieke Universiteit Leuven, België) het Dutoit gedurende Februarie 2023 besoek.

Die twee professore doen die afgelope 14 jaar navorsing oor klokke in die Wes-Kaap om hul herkoms te bepaal. Indien bekend, word dit dan beskikbaar gestel op Universiteit Stellenbosch se digitale biblioteek – SUNDigital.

#### **KROMFONTEIN KLOK**

Ons het geen informasie van die herkoms van die klok nie. Ek weet wel dat die klok gebruik was om vir die werkers aan te dui wanneer inval en uitval tye was. Later jare was 'n sirene gebruik en die klok is toe aangewend vir noodtoestande soos brande en ongelukke. By oorvertelling is die ronde koppies op die pilare van 'n wieldop van 'n motor gebruik om die sement te giet.

#### **NOOITGEDACHT KLOK**

Mnr Murray het die klok gedurende laat 1970 vanaf Skotland ingevoer. Die mure waaraan die klok hang, is gebou deur 'n man genaamd Josef van der Merwe.

**Professor Tertius de Wet het bevestig:** "Die klok by Nooitgedacht is 'n skeepsklok van die Tantallon Castle. 'n Skip wat in 1894 gebou is en in 1900 die eiendom geword van Union Castle Co wat tussen Southampton en Kaapstad gevaar het. In 1901 het sy NW van Robbeneiland op 'n rif geloop wat sy einde beteken het. Hoe het die klok van die skip op Nooitgedacht beland? Dit sal baie interessant wees om dit te kan vasstel."



# NOOITGEDACHT

## WITZENBERG GOT TALENT

Op Saterdag 18 Februarie 2023, was daar vele talent te sien by die Witzenberg Got Talentkompetisie. Meer as 300 mense het hierdie opwindende aand kom ondersteun. Die talentkompetisie bestaan uit deelnemers vanuit die Agter-Witzenberg en Koue Bokkeveld-areas. Nooitgedacht se Jeuggroep het eerste plek behaal in die uitdun rondte, Marlin Sanders het 2de plek behaal in die Rap-afdeling en Jan Kamfer het 1ste plek gekry in die gedig-afdeling.

Die finaal het die 4de Maart plaasgevind waarin die Agter-Witzenberg, Koue Bokkeveld, Ceres en Hamlet wenners teen mekaar meegeding het. Ons Jeuggroep het 2de plek behaal en Jan Kamfer het weereens die eerste plek behaal vir sy gedig wat hy voorgedra het.

**LENCHEN VISSER**



### HIGH SCHOOL TOPICS & DISCUSSIONS

On 16 January 2023, Barbie Siboto - Health Care worker of Nooitgedacht, met with 12 High school children of the Estate. She had mainly three topics on mind to share with the youth:

1. Education. Education can make you reach your goals and be successful. It is the key to open the door to your future.
2. Drugs and Alcohol. The Dangers and signs of children and people who are addicted. They end up in bad situation, like quit to school, street kids, theft, jail and death.
3. Social media. Advantages and Disadvantages of social media. You can get the right decision and good information from the media, but sometimes you can also get bad and wrong information that can change your lifestyle and self esteem in a bad situation. Therefore you must have an open mind to investigate and distinguish between good and bad and not accept everything you read as the truth. It is important to think first before we DO.





# TANDFONTEIN

Die bestuurspan op Tandfontein moes 'n plan maak om die effek van beurtkrag te versag, en sodoende die groente-oes te beskerm teen die uitdroging gedurende die warm somermaande en die periodes waartydens heelwat besproeiingstyd verlore gaan.

'n V6 Deutz enjin met 93 perdekrags, wat vir ongeveer sewe jaar nie gebruik is nie, is toegerus met 'n nuwe laerspoed waterpomp, wat ongeveer 300 kubieke meter water kan lewer teen 5 Bar. Daar is 'n koppeling met die hooflyn gemaak, asook 'n suigpyp direk uit dam 2000. Die pomp is ook naby die elektriese pompe geplaas om sodoende oorskakeling van pompe te vergemaklik gedurende bv. beurtkrag.

Die pomp werk goed, en het die doel, "om een spilpunt te kan voorsien met genoeg watervloei en druk" oortref, deurdat daar ook uitpakspuite saam met die spilpunt kan loop wanneer dit nodig is. Koste vir die pypkoppelings en die pas van die nuwe geskikte waterpomp was ongeveer die helfte van wat dit sou kos om net 'n punt daar te stel vir die inskakeling en oorskakeling na 'n 300kVa kragopwekker, sonder die 300kVa kragopwekker.

Daar is nog nie 'n lang geskiedenis van loopkoste nie, aangesien die pomp nou vir sy tweede week in die huidige formaat werk. Diesilverbruik blyk egter so 13.5 lt per uur te wees. Dit vergelyk baie goed met die krag van drie elektriese pompe, (nl. 140kWh per uur) om dieselfde werk as die diesel waterpomp te verrig. Die diesel waterpomp gebruik dus ongeveer R300.00 se diesel per uur, en die elektriese pompe naastenby R280.00 in elektriese krag. Dit indien mens die prys van plaas diesel op R22.00/lt neem, en krag teen R2.00/ kWh.

Die voordeel van die diesel waterpomp is dat dit (anders as die elektriese pompe) kan werk wanneer dit benodig word. Tandfontein is dankbaar vir die ou staatmaker.

**LINA SMIT**



# SNEEUWKOP



Gedurende Sneeuwkop se Oes-af funksie op 4 April 2023 was daar sertifikate aan toegewyde werkers oorhandig wat verskeie opleiding in die afgelope 2 jaar suksesvol voltooi het.

Die drie beste stukwerkers vir die afgelope oesseisoen was ook aangewys en met 'n prys beloon.

Baie geluk aan Thabang Khopocha (1ste), Hlumisa Ngxingweni (2de) en Sehlabaka Tsolo (3de). In totaal het hierdie drie werkers 8.1 ha veld opgetrek, dit is gelykstaande aan 54 km. Tydens veld knip, het hulle 309 grootmaathouers veld geknip, wat ongeveer 4.4 vragte is. Met Aartappels opgetel, het hulle 675 grootmaathouers opgetel, wat gelykstaande is aan 12 tipper vragmotor vragte. Dit is voorwaar 'n uitsonderlike prestasie, ons is baie trots op julle!

**BETS MOSTERT**



# DUTOIT GROENTE

## OPLEIDING VAN TOLKE

Dutoit Groente het Koue Bokkeveld Opleidingsentrum genader om hulle te help met die oplei van die tolke wat boodskappe van Afrikaans tot Xhosa moet tolk. Dit was 'n baie innoverende versoek omdat tolke deesdae 'n sleutelrol speel in goeie kommunikasie. Daar is vasgestel dat die tolke redelik goed Afrikaans kan praat, maar hulle vermoë om die Afrikaanse inligting korrek te hoor en reg te interpreteer voordat hulle dit vertaal, is 'n groter uitdaging. Om na 'n tweede taal met begrip te luister, is nog moeiliker as lees met begrip. Om 'n tolk te wees, is beslis nie 'n maklike werk nie.

Taal beteken vir werkers soveel meer as woorde. As mense nie verstaan nie, voel hulle soos buitestaanders. Dit is moeilik om werklik lojaal te wees teenoor 'n organisasie waar jy nie tuis voel nie. In die Wes-Kaapse werkplekke is taal en alles wat daarmee gepaard gaan tans moeilik. Engels is amper almal se tweede (of derde) taal en is dikwels al oplossing wat gevind kan word. Dit is goed om eerlik hieroor te praat.

Waar die besigheidstaal Afrikaans is en daar heelwat ander taalgebruikers is, is tolke al opsie. Om te tolk is baie moeilik want die tolk word verantwoordelik gehou vir die inhoud van die gesprek al is dit net iemand anders se woorde wat hy oordra. Tolke moet dus goeie taalvaardighede hê maar ook sterk mense wees. Die kort opleiding het probeer om aan beide aspekte aandag te gee. 'n Goeie begin, maar beslis moeiliker gesê as gedoen.

Vir meer inligting kan julle Ané du Toit by Koue Bokkeveld Opleidingsentrum kontak. Sy hanteer kursusbesprekings van opleiding wat nie die standaard kursus is nie. As jy meer oor die taalkwessie wil gesels, kan jy Joy van Biljon kontak wat die tolke se kursus gestruktureer het en help aanbied het.

**JOY VAN BILJON**



## JOSHUA BULCRAIG

Op 10 Januarie 2023, was Joshua Bulcraig, 18 jarige matriekleerling van Charlie Hofmeyer, in 'n motorfiets ongeluk. Hy het sy T12 en L1 rugwerwels gebreek en is gevolglik nou verlam van die middellyf af ondertoe. Op die foto was hy by Vincent Palotti Hospitaal se rehabilitasie sentrum, waar hy fisioterapie ondergaan het, om eendag 'n meer onafhanlike en normale lewe te kan lei.

'n Fonds is op die been gebring, Backabuddy, om geld in te samel vir 'n rolstoel. Die rolstoel stel hom in staat om sy matriekjaar te voltooi. 'n Rolstoel is natuurlik nie al uitgawe nie en mediese uitgawes is nie goedkoop nie.

Die Opberging-, Kwaliteit- en Verkoelingspanne van Dutoit Groente, onder Sharon Saunders se inisiatief en leiding, het geld onder mekaar ingesamel en 'n fantastiese bedrag van R1 400 geskenk aan Joshua se fonds.

Dit is 'n ongelooflike gebaar en is ons as familie en Joshua se familie, baie baie dankbaar vir elke persoon in hierdie afdelings, wat dit moontlik gemaak het.

Elke bydrae, hoe klein ook al, kan help dat hy sover moontlik, 'n amperse normale lewe kan lei. Hy wil sy matriekjaar klaar maak en hy wil baie graag eendag 'n dieselwerktuigkundige word.





Greenpop

JOIN THE TREEEVOLUTION

PUBLIC SERVICE



# Polyphagous Shot Hole Borer

ANNOUNCEMENT

## TEGNIES



### SMALL CRITTER, BIG IMPACT

This tiny, invasive beetle is only 2mm in length!



### OUR TREES ARE AT RISK

The PSHB leaves 1 mm round entry holes with fine sawdust in the holes!

### HIGHLY AFFECTED TREES TO LOOK OUT

Oaks (Quercus)



Planes (Platanus)




Coral trees



Maples (Acer)





## PAWPAWNETTE - FRUITGUARD LINERS

Pawpawnette vir appels, ons nuwe Fruitguard liners. In die laaste 5 jaar was daar baie moeite gedoen om sonbrand op appels te verminder. Een van die effektiewe maniere om sonbrand te verminder, is nette. Die Dutoit Groep het op veral sensitiewe variëteite soos "Goldens" en "Pink Lady" tipes groot ingrepe gemaak om die appels te beskerm. Op "Pink Lady" het ons ook, bykomend tot die nette, reflektiewe materiaal uitgerol om die kleur te verbeter.

Nog n groot uitdaging met beide "Goldens" en "Pink Lady" appels is die feit dat dit ook uiters sensitief vir kneusings is. Dit veroorsaak soms dat ons klas 1 appels met baie moeite produseer, wat in die proses weer verlore gaan. In totaal maak hierdie 2 variëteite ongeveer 35% van ons totale volume op en dit speel dus n groot rol.

Meeste van die plase het vanjaar reeds met die nuwe "Fruitguard binliners" begin oes. Baie mense beskryf dit as iets wat soos 'n pawpawnet lyk. Die materiaal van die "liners" is ontwerp om die vrugte in die krat tydens die hanterings- en opbergingsproses te beskerm. Ons is uiters opgewonde oor die vordering met hierdie projek, en ons sien baie goeie resultate met die kneusings. Ons het selfs gevalle waar daar GEEN kneusings in die kratte voorkom nie.

Indien ons mooi na die pakmateriaal kyk en dit goed versorg, sal ons minstens 3 keer se hergebruik uit dit kry, wat dit baie meer ekonomies maak.

## WATERGEBRUIK 2022 - 2023

Die hoeveelheid water wat verskillende appelvariëteite gebruik, vorm grootliks die basis van plaasbeplanning. Dit is hoofsaaklik omdat water vir ons 'n beperking is om nog boorde aan te plant.

Temperatuurverhogings, veranderinge in reënvalpatrone, oneweredige reënvalpatrone deur die seisoen en laer reënvoorspellings veroorsaak onsekerhede oor die omvang en voorkoms van toekomstige besproeiingswater. Die sleutel tot volhoubare waterverbruik is om besproeiing so effektief as moontlik te skeduleer.


Waterverbruik volg elke seisoen min of meer dieselfde tendens, d.w.s. daar is 'n toename in vanaf die begin van die seisoen en bereik sy hoogste punt tussen week 52 en week 5, waarna die aanvraag na water weer afneem. Beurtkrag skep opnuut ook weer 'n klomp uitdagings om besproeiing intyd te laat geskied, en ook om water tussen damme en boorgate te skuif.

In die onderstaande grafiek kan ons sien hoe die ETo (ook bekend as die water behoefte) vir drie verskillende gebiede in die Wes-Kaap verskil. Die effek van 'n sagter klimaat van Vastrap (rooi lyn en -stippellyn) kan duidelik onderskei word van die KBV en Excelsior (blou en groen lyne). Nuwe stelsels soos IRIS van Agrimotion, maak dit vir ons maklik om hierdie data te bestudeer en te vergelyk.

Vanuit die onderstaande grafiek kan ook gesien word dat die afgelope seisoen se waterverbruik nie veel verskil het van die 2021-22 seisoen nie. As mens na die reënvalsyfers kyk, is ons vanjaar reeds voor verlede jaar in die Wes-Kaap.

Figuur 1: Die weeklikse ETo (mm/week) en reënval (mm) van drie gebiede in die Wes-Kaap (Bokkenfontein, Excelsior en Vastrap) gedurende die 2021-22 en 2022-23 seisoen

WILLIE KOTZE & MICO STANDER



# WATER RESTRICTIONS & WATER-SHEDDING

**CURRENTLY IMPLEMENTED IN WITZENBERG!**

## TOP WAYS TO SAVE WATER



### RE-USE GREYWATER

Use greywater from baths, washing machines and other safe sources to flush toilets and water the garden.



### MONITOR YOUR METER

Leaks around the home can waste hundreds of litres of water per day.



### KEEP SHOWERS SHORT

Place a bucket in the shower with you to catch run-off water. Close the tap while washing your hair in the shower or when you soap/lather your body.



### BATH WITH LESS WATER

Take a shallow bath or switch to having a quick 90 second shower by opening and closing the tap between wetting, soaping and rinsing.



### DON'T LEAVE TAPS RUNNING

Turn taps off when washing dishes, brushing your teeth or shaving.



### FULL LOADS ONLY

Only use the washing when you have enough items for a full load.



### REPORT LEAKS

Report water leaks in your neighbourhood to your local municipality.



### ENCOURAGE WATER SAVING

Encourage friends and family to contribute their own water saving ideas.



### REDUCE WATER CONSUMPTION

Fit low-flow showerheads and aerators to all taps in the home.



### SAVING WATER SHOULDN'T MAKE YOU SICK

It is still important to wash your hands after using the toilet. Close the tap during soaping up.

**WATER IS LIFE - SANITATION IS DIGNITY**



**water & sanitation**

Department:  
Water and Sanitation  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA





SCAN TO PLAY



**SCORE HIGH  
WIN BIG!**



**Play our new  
online game  
for sweet  
prizes!**

# BEMARKING

## CAMPAIGN CONCEPT



Carrying on from last year's successful Pick Dutoit campaign.  
We have asked the question, what goes well with Apples?

*Well, more Apples!*

Young and old, we are always on our cellphones.  
So, let's bring Dutoit to the people by creating an online  
game that can be enjoyed by all.



# MICRO SITE

Create a profile and start playing #Dutoit FROOT.  
Keep your eye on that leaderboard!

<https://comp.dutoitagri.co.za/>




## ON-PACK

Sticker placed on the Dutoit & Pick 'n Pay Apple bags.  
Scan the QR code to enter the game.

## GAMIFICATION

What better way to interact with the Dutoit, then collecting apples and winning prizes?  
Put your gaming skills to the test with FROOT.




# ONS GEMEENSKAP

## CANSA RELAY

Baie dankie aan Paardekloof en Vastrap wat aan die CANSA Relay deelgeneem het. Ek salveer elkeen wat daar was en deur die aand aanhou loop het. Soos die foto's wys, was die omstandighede baie uitdagend. Ek skat omtrent die helfde van die spanne wat ingeskryf het, het nie opgedaag nie. Julle kan regtig trots wees op elkeen wat daar was. Die weer was nie goed nie en dit het baie gereën. Die wind was yskoud en het dinge vererger. Daar was ongeveer ses spanne in totaal gewees, waarvan Dutoit die meeste lede gehad het.

**JACQUES MATTHEE**



Saterdag 25 Maart is 'n dag wat seker nie maklik vergeet sal word nie. Die oggend het geen geheim gemaak van wat die dag vir ons inhou nie. Gietende reën en wind het ons begroet en die voorspelling was nie méér positief nie. Nietemin pak ons die Relay aan met 'n opgewondenheid, want die gedagte gaan oor die WAAROM DOEN ONS DIT? Net na 11 uur kom ek op die veld en in samewerking met 'n dierbare vriend, begroet n oranje sesman tent my. Vir hierdie tentjie is ons deur die nag opreg dankbaar, want hy was broodnodig. 'n Regte beskutting teen die deurdringende met tye gietende reën wat op ons neergeval het.

Die organiseerders noem dat ons net 11 ingeskrewe spanne hierdie jaar het. Die gedagte kom onbewustelik by my op dat, toe ons begin Relay het, was die Relay so groot dat ons ingedruk was op Victoria Park, maar vandag is die kleine krieketveld te groot vir ons.

Van die 11 spanne daag toe net 6 spanne op. Nietemin gaan ons voort, want die saak vra nie na omstandighede nie. Die Relayers ervaar die mees uitdagende nag van hulle lewe. Dit is 'n stryd om die spanne positief en gemotiveerd te hou. Jy kan ook nie die spanlede forseer om aan die vereistes van die Relay te voldoen nie, want die natuur is heeltemal teen ons. Ek het drie baadjies saamgeneem en al drie was nat. As spankaptein moet ek ten minste die reëls nakom en nie toegee aan negatiewe denke nie.

Die program kon nie regtig gevolg word nie, want die omstandighede was nie gunstig nie. Nietemin het sekere goed darem hulle regmatige plekkie gekry. Die oorhandiging van die Fakkel vanaf Paarl CANSA aan Witzenberg. Die aansteek van die vlam wat heel nag brand, want Kanker slaap mos nie. Die Survivors rondte waarmee die Relay begin, is altyd 'n geleentheid waar mens weer klein voel voor God se genade en opreg dankbaar is vir Sy oorvloedige seën van gesondheid in ons lewens.

Die Luminaria Rondte waar daar hulde gebring word aan hulle wie ons vooruit gegaan het. Die voorreg wat ons het om nog 'n kans gegun te word om te herstel op gister se foute. Menige trane het hier hulle pad deur die reën gevind, want dit is 'n gewyde oomblik. Die HOPE liggies wat aangeskakel word. Om ons net weer te herinner dat daar altyd HOOP in ons harte moet wees ten spyte van ons omstandighede. Die Relay het vir my net weer laat besef dat ons mekaar nodig het. Hier wil ek erkenning gee aan ons Maatskappy. Die Maatskappy waarmee ek met trots geassosieer wil wees. Almal het hande gevat om op kort kennisgewing vir Paardekloof en Vastrap te help om suksesvol te Relay.

Ons opregte dank gaan aan Mnr Jacques Mathee, Mev Mariette Le Roux, Mnr Carel Cronje en Klasie van der Merwe wat ons so mooi gehelp het met die inskrywing en aankope tov die Relay. Mnr Mathee en Mev Le Roux het self die elemente kom trotseer en so 'n tydjie by ons deurgebring, asook van alles wat ons nog nodig gehad het, voorsien. Ons opregte dank en waardering daarvoor. U hulle was YSTERS.

CANSA RELAY gaan oor: Celebrate the lives of those who have/are surviving Cancer | Remember those who lost the fight against Cancer | Fight Back against a disease who takes too much.

Sal ons weer Relay? Natuurlik sal ons, want Kanker vra nie hoe lyk die weer nie.

**SOPHIA DE BRUIN**



# HARD-OP LEESDAG

Nal'ibali (isiXhosa for "here's the story") is a national reading-for-enjoyment campaign. It seeks to spark and embed a culture of reading in children from birth to 12 years of age, across South Africa, through cultivating, enticing reading content in all South African languages. Nal'ibali promotes the use of home languages in nurturing and strengthening reading culture in children's home language is transparent, easy to learn and is the first language that children connect with, in order to socialise and make sense of the world around them. Nal'ibali stories build a healthy ongoing appetite in children to engage more with reading, and to develop other important literacy skills while creating their own reading experiences. Children who develop strong relationships with books and reading materials early, are more likely to adopt and sustain a culture of reading. Adults who are in children's spaces have the responsibility to nurture a love of reading in children as early as possible, to advance children's development.

Jack en Jill se personeel het verskriklik moeite gedoen en 'n hele program uitgewerk. Die hoogtepunt was dat die kinders soos die plaaswerkers moet aantrek. Hulle (die ouers) was so oorspronklik. Die bewaarskool en Nasorg kinders was na die boord toe geneem en hulle het ook by die laaiblad 'n draai gaan maak. Die kinders het lekker mielies geëet. Die personeel het ook hul eie poppekas gemaak en die storie met handpoppe opgevoer.

**ILZE VISSER**



# EISTEDDFOD

## KROMFONTEIN NASORGSENTRUM SKITTER

Die sentrum het 'n getal van 21 leerders vir verlede jaar se Paarlvallei Eisteddfod ingeskryf. Drie leerders in elke graad van Graad R tot Graad 6 is gekies om aan Afrikaanse Voordrag deel te neem. Die kinders het dit weereens baie geniet. DIE BELANGRIJKSTE EGTER IS DIE ERVARING EN BLOOTSTELLING. Hulle het baie goed gevaar en spog met:



## **SILVER**

**Devenice Titus | Lyric Rhode | Gavin Paulse | Corne Jooste  
Anell Okhuis | Leigh-Lanie Andrew | John-Will Januarie  
Adriana Gelant**

## **SILVER+**

**Meagan Fortuin | May-Leigh Willemse | Jayden Januarie  
Devante Titus | Kylee Robertse**

## **GOLD**

**Revin Galant | Deanay Willemse | Keyshia Crotz | Rune  
Fortuin | Chaden Titus | Carly-Jay Titus**

## **GOLD+**

**William Fortuin | Rozentia Booysen**



# **DATADRIVE POSITIVE DEVIANCE**

## **BABEL EN KRABBEL IS SPESIAAL - KROMFONTEIN**

Die Suid Afrikaanse Departement van Basiese Onderwys het in 2021 'n sensus-opname oor alle Vroeë Kinderontwikkelingsprogramme in Suid-Afrika gedoen. Veldwerkers het verskillende voorskoolse sentrums, (geregistreer of nie geregistreer) besoek om data in te vorder oor die volgende: Registrasie / Geografiese ligging van skool / Basiese infrastruktuur / Spesiale toerusting / Aard van perseel [skool gebaseerd, huis gebaseerd of gemeenskaplik] / Hoe lank die sentrum al bestaan / Besigheidsure / Sleutel aspekte van opvoedkundige aktiwiteite wat sentrum aanbied / Personeel: ouderdom, geslag, kinders, ras, hoogste standaard geslaag, hoogste kwalifikasies en ondervinding / Kinders: totale kinders, ouderdomsgroepe, ras, geslag en leerders met gestremdhede

Babel en Krabbel Bewaarskool is as een van die land se beste Voorskoolse sentrums geïdentifiseer. Hul navorsing het getoon dat Babel en Krabbel 'n positiewe invloed op die kinders se lewens het, dat hul beter as ander in dieselfde omstandighede presteer en daarom is ons gekies om aan die Datadrive 2030 Positive Deviance Projek deel te neem. Ons het 4 dae lange besoek van 'n navorsingspan gehad waartydens hul van vroegoggend tot uitvaltyd ons aktiwiteite by die Bewaarskool en Nasorgsentrum observeer het. Onderhoude is met personeel, ouers en komiteede gelewer.

Aan die einde van die Navorsing sal ons 'n verslag ontvang wat presies aan ons sal verduidelik wat ons sentrum so spesiaal maak. Dit was voorwaar 'n groot voorreg om deel van die Projek te wees. Baie dankie aan die personeel, kinders, komitee en ouers dat julle bereid was om onderhoude te voer. Dit is regtig iets om op trots te wees. Welgedaan!!!

**SANDRA GALANT**

# GROENTETUIN

Appeltjeland Bewaarskool en Nasorgsentrum op Vastrap se kok Mercia Smit saam met John het 'n groentetuin begin. Ons is nou selfversorgend aangesien ons die groentetuin se groente self inlê. Die kinders en personeel geniet die groentetuin baie en almal leer en speel lekker saam.

**THERINA VILJOEN**



## ECD FORUM



Dit was 'n groot voorreg om die ECD forum vergadering te kon bywoon. Ek kan sien dit is 'n instansie wat ongelooflik funksioneer. Die ECD sentrums op die plase bied die geleentheid waar ons geleentheid kry om te investeer in ons personeel se kinders en die toekoms van ons land. Dit is so kritiese deel van ons maatskappy.

Ek wil graag vir Therina Viljoen en Lenchen Visser gelukwens wat verkies is tot die bestuur van die ECD forum. Dit bevestig die vertroue wat in julle gesien word deur die groot groep persone wat die geleentheid bygewoon het. Baie geluk en weet verseker as Dutoit is ons agter julle. Ons is trots op julle.

**JACQUES MATTHEE**

# KINDERS



**Dutoit is vanjaar goed verteenwoordig in Laerskool Gericke se Graad 1 klas.**

**Albert van Niekerk** – Le-Marie (Dutoit Vrugte) en Alwo van Niekerk | **Elise du Toit – Pieter** (Dutoit Groente) en Nica du Toit | **Jomienke Ras** – Adel (Dutoit Hoofkantoor) en Ludwich Ras | **Malan Rabe** – Johann (Dutoit Vrugte) en Eliz-Marie Rabe | **Myburgh Kruger** – L’Nell (Dutoit Vrugte) en Pieter Kruger | **Riley Williams** – Elvinia (Dutoit Groente) en Ervan Williams | **Sion Nieuwenhuis** – Albert (Nooitgedacht) en Liza-Mari Nieuwenhuis. Baie sterkte aan elke Graad 1, mag 2023 'n jaar vol avontuur wees.



**JUAN MARAIS**, seun van Arno en Mabru Marais, is tans 17 jaar oud en 'n leerling by Charlie Hofmeyr. Juan het tweede plek behaal by Atletiek SA se veld- en baankampioenskappe vir diskus mans o20. in Pietermaritzburg. Hierdie byeenkoms is Suid Afrika se amptelike klubkampioenskappe en die afstand (61.2m) wat Juan tydens hierdie byeenkoms gegooi het, het hom op die tweede plek gebring van die “World Athletics” se ranglys vir mans o20. Hy het ook in Germiston by Atletiek SA se byeenkoms vir Hoërskole goud gekry vir diskus seuns o19.

# AANSTELLINGS



**Charne Jacobs:** Dutoit Services – Finansiële Rekenmeester | **Saretta Oberholster:** Tandfontein – Winkelbestuurder/Bewaarskoolhoof  
**Lesley-Ann Solomons:** Dutoit Vrugte Verpakking – Krediteure Klerk | **Luchy Leteke:** Dutoit Services Junior Nightshift Manager | **Tinyiko Tihavani:** Dutoit Services – QC Supervisor | **Teneille Burger:** Dutoit Hout – Administratiewe/Voorraad Klerk | **Jacques Matthee:** Menslike Hulpbronne Hoofbestuurder - Menslike Hulpbronne | **Rayline Booysen:** Bemarking – Debiteure Klerk – Vanaf 01/04/2023  
**Damain Sass:** Dutoit Vrugte - Verpakking Lynbestuurder | **Julion van Wyk:** Dutoit Hout – Vragmotorbestuurder.

# AFTREDE

## **GERRIE SPENCE: ONTVANGSDAME - DUTOIT VERVOER / 9 JAAR**

Gerrie Spence het na 9 jaar by Dutoit Vervoer as Ontvangsdame/Administratiewe Klerk afgetree. Gerrie was reeds afgetree by 'n vorige maatskappy toe sy by Dutoit Vervoer begin werk het en gedurende haar diensperiode nie net uitstekende en korrekte diens gelewre nie, maar het ook in die harte van haar kollegas ingekruip. Sy het alom bekend gestaan as "ouma Gerrie" omdat almal vir haar oneinde respek gehad het.

"Ouma Gerrie", dankie vir 9 kosbare jare van saamwerk en -stoei met uitdagings, ons wens vir jou 'n voorspoedige, welverdiende aftrede toe!



#### **MARIAAN MARAIS: KREDITEUREKLERK - DUTOIT VRUGTE**

Na meer as 12 jaar diens, neem ons vandag afskeid van Mariaan. Haar baie lekker lag, deeglikheid, passie vir die lewe, perfeksionistiese aard, respek, moderne kleres styl, liefde vir die natuur, liefde en kennis vir krieket, vergeet nooit 'n verjaarsdag nie, haar liefde en trots vir haar man en kinders! Dit is van die goed wat die meeste uitstaan vir haar kollega's.

Dankie vir alles wat jy vir ons beteken het en dat jy jou uiters puik van jou taak gekwyt het. Dankie ook vir alles wat jy op 'n persoonlike vlak vir baie van ons beteken het! Ons gaan jou lag in die gang mis, jou gesels met die uil en voeltjies in die bome, jou stories oor die kiewiete wat nog kleintjies bygekry het, jou heerlike eetgoed op jou verjaarsdag (veral daai brandewyn tert!) die pannekoek bak, jou deeglike werk en die meeste jou as mens.

**JOHANN RABE**



#### **TRUDIE EKSTEEN: DEBITEUREKLERK - BEMARKING / 20 JAAR**

Lieflike mens, vriendelik maar tog ferm, moeder, kalm, vrede, kan elke dag deur 'n ring getrek word, gesindheid elke dag dieselfde en skrik baie maklik en dan glip daar nog 'n vloekwoord ook uit! Dit is sommer net van die woorde wat opkom as ons as Kollegas dink aan Trudi. Sy het haar werk geniet en die kwaliteit van haar werk het dit gewys.

Trudi, ons werk nou al bykans 10 jaar saam en dit was regtig net 'n plesier om jou deel van my span te kon hê. Jy was altyd 'n staatmaker en NIKS was ooit te veel moeite nie. Jou werk was altyd pynlik netjies. Ek kan ook ondersteun wat die kollegas gesê het, "Trudi was elke dag dieselfde en altyd vriendelik". Trudi, woorde het ons nie om ons waardering mee te deel vir jou 20 jaar diens nie. Baie dankie en alle voorspoed vir die volgende fase!

**JOHANN RABE**



#### **CHRISTELLE VIOLA: LOONKLERK - NOOITGEDACHT / 31 JAAR**

Christelle het na 31 jaar diens by Dutoit as Loonkierk afgetree. Sy het ook vroeër die posisie van Winkelbestuurder op Nooitgedacht beklee. Christelle se vasbyt en lojaliteit word bevestig deurdat sy op 'n hoë ouderdom 'n splinternuwe loonstelsel, met baie uitdagings, baasgeraak het. Wanneer jy met haar kollegas op Nooitgedacht gesels, was sy een van die personele wat die spangees in die sosiale klub hoog gehou het. Haar humor en maklike lag vir die flouste grappie sal ons altyd onthou.

Christelle, baie dankie vir 31 jaar se lojale diens, ons wens vir jou 'n aangename aftrede toe, geniet jou nuwe seisoen!

#### **FRANS BURDEN: VERPAKKING - DUTOIT GROENTE / 38 JAAR**

Frans het op 1 Junie 1984 diens as Verpakkingsbeampte by Ceres Aartappels Koöperatief (Bpk), waar G & J du Toit Boerdery lid was, aanvaar. In 1987 is hierdie koöperasie geprivatiseer en is Dutoit Boerdery verander na Dutoit Groep en is Dutoit Groente gestig. Frans se diensjare is erken en op 31 Augustus 2022, met sy aftrede as Verpakkingsbestuurder, het hy 38 jaar vir Dutoit gewerk. Pieter du Toit Jr berig soos volg: "Om 38 jaar vir een Maatskappy te werk wys watter ingesteldheid Frans gehad het. Hy het Dutoit Groente en sy mense baie goed geken en het al die hoogtepunte, sowel as laagtepunte deurstaan.

Frans, baie dankie vir die 38 jaar se diens en geniet jou tweede hoofstuk van jou lewe buite Dutoit".

**PIETER DU TOIT**

**REDAKSIE:** Runei Kotze

Stuur alle kommentaar, versoeke en nuus na [runeik@dutoit.com](mailto:runeik@dutoit.com) | 023 312 1071.

**KORRESPONDENTE:** Dutoit Hoofkantoor: Adél Ras. Dutoit Vrugte: Le-Maré van Niekerk. Dutoit Groente: Florina Ismael. Dutoit Hout: Lucille Jacobs. Kromfontein: Chrisna du Toit. Lindeshof: Louisa Basson. Nooitgedacht: Lenchen Visser. Paardekloof: Nicola Dark. Vastrap: Therina Viljoen. Sneeuwkop: Bets Mostert. Tandfontein: Lina Smit. Skaapkraal: An-Joh du Toit. Excelsior: Theresa Pienaar. Oos-Kaap: Vanessa Strydom. Crispy Farming: Jacques Visser. Dutoit Services: John Davey. Bokkenfontein: Willem Reynolds.

**REDAKSIONELE BELEID:** Ons oorweeg alle bydraes, maar behou ons die reg voor om nie alle materiaal te plaas nie. In die oorweging word die totale spasie beskikbaar in ag geneem, asook of die materiaal in lyn is met die visie, missie en waardes van Dutoit Groep.